



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

**BESIGHEIDSTUDIES V1
MODEL NOVEMBER 2019**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.
 AFDELING A: VERPLIGTEND
 AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
 Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
 AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
 Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.
2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet alle antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	20
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	2	40	35
	3	40	35
	4	40	35
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	5	40	30
	6	40	30
TOTAAL		150	120

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ens.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die Wet op ... vereis dat die menslikehulpbronsfunksie gelyke geleenthede en regverdige behandeling in die werksplek moet bevorder.

- A Arbeidsverhoudinge
- B Gelyke Indiensneming
- C Basiese Diensvoorwaardes
- D Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes

1.1.2 Teko Quick Cash gee klein lenings aan klante wat nie by die bank krediet kan kry nie. Dit is 'n uitdaging van die ... omgewing.

- A primêre
- B mark-
- C makro-
- D mikro-

1.1.3 Johnny Meubels Bpk. het die beherende aandele van Andries Vervaardigers gekoop. Dit verwys na ...

- A 'n vereniging/samesmelting.
- B 'n oorname.
- C 'n alliansie.
- D inligtingsbestuur.

1.1.4 Timmy Vervaardigers het die ...-produksiestelsel gebruik toe hulle tafels vervaardig het voordat hulle stoele vervaardig het.

- A lot
- B stukwerk
- C massa
- D enkel

1.1.5 Sizwe Ondernemings het ... gebruik toe hulle gratis monsters van die nuwe handerom wat hulle bekendstel, weggegee het.

- A direkte verkope
- B persoonlike verkope
- C verkoopsbevordering
- D gesamentlike bevordering

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

seleksie; handelsmerk; werwing; Arbeidsverhoudinge; bruto; patent; netto; psigografie; demografie; Vaardigheidsontwikkeling

- 1.2.1 Easy Bank het die ...-prosedure gebruik toe hulle aansoekers se curricula vitae (CV's) teen voorafbepaalde standaard gemeet het.
- 1.2.2 Mohammed Verspreiders het aan die Wet op ... voldoen deur diensverskaffers aan te stel om hulle werknemers op te lei.
- 1.2.3 Zabalaza Goudmyn het ZG as hulle simbool geregistreer om hulle produk van ander vervaardigers se produkte te onderskei. Dit staan as 'n ... bekend.
- 1.2.4 Tammy Ontwerpers het die ingesteldhede/sienswyses en smaak van hulle teikenmark bestudeer. Dit is 'n voorbeeld van ...
- 1.2.5 Michael het sy ... salaris ontvang nadat alle aftrekkings gemaak is. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Kopiereg	A	belasting wat op goedere wat in die land ingebring word, gehef word
1.3.2	Strategiese alliansie-ooreenkoms	B	dit sluit woorde en simbole in wat wetlik deur vervaardigers geregistreer word om hulle produkte te onderskei
1.3.3	Veranderlike koste	C	stelsel wat 'n verskeidenheid goedere, wat byna dieselfde is, in hoeveelhede produseer
1.3.4	Tariewe	D	belastingverligting om die uitvoer van goedere na ander lande aan te moedig
1.3.5	Stukwerk	E	ooreenkoms tussen besighede wat tot wedersydse voordele lei
		F	koste wat konstant bly ongeag die aantal items geproduseer
		G	eksklusiewe wetlike reg aan die ontwerper/skepper gegee om te druk, te publiseer, uit te voer of op te neem
		H	ooreenkoms tussen maatskappye om kragte saam te span om mededinging in die mark te oorkom
		I	stelsels waar elke produk volgens die presiese spesifikasies van die klant gemaak word
		J	koste verander volgens die aantal produkte vervaardig

(5 x 2)

(10)

TOTAAL AFDELING A:**30**

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Gee VYF voorbeelde van *kontemporêre wetgewing* wat besigheidsbedrywighede kan beïnvloed. (5)
- 2.2 Bespreek DRIE tipes invloedwerwing wat besighede kan gebruik om by die uitdagings van die besigheidsomgewing aan te pas. (9)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VASHNIE MODEONTWERPERS (VMO)

Vashnie Modeontwerpers het modeontwerpers in diens wat altyd laat is vir werk ten spyte van verskeie waarskuwings. Die regering het invoertariere verhoog, wat dit vir VMO moeilik maak om voort te gaan om ontwerpersklere uit China in te voer. VMO koop hulle grondstowwe by Ditebogo Klerevervaardigers wat gewoonlik uit voorraad is.

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om die volgende vrae te beantwoord.

UITDAGING (2.3.1)	BESIGHEIDS- OMGEWING (2.3.2)	MATE VAN BEHEER (2.3.3)
(a)		
(b)		
(c)		

- 2.3.1 Haal DRIE uitdagings uit die scenario hierbo aan wat deur VMO in die gesig gestaar word. (3)
- 2.3.2 Klassifiseer ELKE uitdaging volgens die DRIE besigheidsomgewings. (6)
- 2.3.3 Noem die mate van beheer wat VMO het oor ELKE besigheidsomgewing wat in VRAAG 2.3.2 geïdentifiseer is. (3)
- 2.4 Verduidelik die voordele van besighede wat by die makro-omgewing betrokke is. (8)
- 2.5 Gee besighede raad oor die verhouding tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektore. (6)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 3.1 Beskryf in breë trekke DRIE aspekte wat by die indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (3)
- 3.2 Onderskei tussen *stukwerk-* en *tydsverwante salarisbepalingstelsels*. (4)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

THOMAS FINANSIËLE DIENSTE (TFD)

Thomas Finansiële Dienste het 'n pos vir 'n rekenmeester op die kennisgewingsbord geadverteer.

- 3.3.1 Identifiseer die werwingsmetode wat TFD gebruik het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)
- 3.3.2 Verduidelik ander werwingstappe/-prosedures wat TFD moes gevolg het. (6)
- 3.3.3 Gee die bestuur van TFD raad oor enige TWEE rolle van die onderhoudvoerder tydens die onderhoud. (4)

3.4 CLEAR WATER BOTTELVERVAARDIGERS (CWBV)

Clear Water Bottelvervaardigers spesialiseer in die vervaardigings van waterbottels. Die totale koste om 10 000 bottels water te vervaardig, is R40 000.

- 3.4.1 Bereken die produksiekoste per bottel. (3)
- 3.4.2 Bereken die verkoopsprys per bottel as hulle 40% wins op kosprys wil maak. (4)
- 3.5 Beskryf in breë trekke enige DRIE aspekte wat tydens produksiebeplanning in ag geneem moet word. (3)
- 3.6 Bespreek die vereistes van 'n veilige omgewing by die werksplek. (4)
- 3.7 Beveel maniere aan waarop besighede aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) kan voldoen. (6)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWING**

- 4.1 Beskryf in breë trekke die uitdagings van die mikro-omgewing. (8)
- 4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

STEVEN MUSIEKPRODUKSIE (SMP)

Steven Musiekproduksies verloor verkope en inkomste as gevolg van mense wat op onwettige wyse sy musiekalbums dupliseer en versprei. Dit lei tot werksverlies in die musiekbedryf.

- 4.2.1 Identifiseer die sosio-ekonomiese kwessie wat in die scenario hierbo van toepassing is. (2)
- 4.2.2 Haal TWEE invloede van die sosio-ekonomiese kwessie wat in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer is uit die scenario hierbo aan. (2)
- 4.2.3 Gee SMP raad oor ander negatiewe invloede van die sosio-ekonomiese kwessie wat in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer is. (8)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 4.3 Identifiseer die bemerkingsaktiwiteite wat deur Uniliva (Edms.) Bpk. in ELKE scenario hieronder toegepas is:
- 4.3.1 Uniliva (Edms.) Bpk. het 'n bewaarkluis gehuur waarin hulle produkte veilig bewaar word totdat verbruikers dit nodig het.
- 4.3.2 Klante van Uniliva (Edms.) Bpk. word versoek om vraelyste in te vul oor nuwe produkte wat hulle wil bekend stel.
- 4.3.3 Uniliva (Edms.) Bpk. gebruik verskillende lugrederye om voorraad in die VK af te lewer. (6)
- 4.4 Verduidelik die doel van *oriëntering/induksie*. (6)
- 4.5 Gee die menslikehulpbronbestuurder raad oor die implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) wanneer nuwe aanstellings gemaak word. (8)

[40]**TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS

Die Suid-Afrikaanse Konstitusie erken die reg van elke werker om by 'n vakbond aan te sluit. Werkgewerorganisasies en vakbonde moet kollektiewe ooreenkomste aangaan om stakings en sloerstakings te vermy, soos in die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995) uiteengesit.

Skryf 'n opstel waarby die volgende aspekte ingesluit word:

- Beskryf in breë trekke die redes vir die stigting van vakbonde.
- Beskryf die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge.
- Onderskei tussen 'n *staking* en 'n *sloerstaking*.
- Gee besighede raad oor die funksies van vakbonde.

[40]**VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE****BEST VERFVERVAARDIGERS (BVV)**

Best Verfvervaardigers spesialiseer in die vervaardiging van hoë-gehalte-verf vir hulle klante. BVV besef dat goeie verpakking en prystegniese nuwe klante kan lok en hulle marktaandeel kan vergroot. Die bestuur van BVV doen altyd navorsing oor verskillende kategorieë verbruikersgoedere om aan die behoeftes van hulle klante te voldoen.

As 'n deskundige van bemarkingsbeleidinstrumente, skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Verduidelik enige TWEE kategorieë van verbruikersgoedere.
- Verduidelik die doel van verpakking.
- Bespreek enige DRIE vorms van verpakking.
- Gee BVV raad oor hoe om klante te lok met gebruik van die volgende prysbepalingstrategieë:
 - Penetrasieprysbepaling
 - Afroomprysbepaling
 - Kortingsprysbepaling
 - Mededingende prysbepaling

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150